**It is clear from the specialist assessments that the type and scale of the proposed development alternative (Alternative 5) is within acceptable limits, considering the context of the site. Reducing the number of units will not result in a lower significance rating of the identified impacts. The type of development, i.e. low density residential, is believed to be appropriate for the location of the site. Alternative 5 represents a suitable transition zone between the intensely developed Langebaan residential zone and that of the nature zone of the West Coast National Park. The proposed development will also be set back at least 50 m from the high water mark of the lagoon. It varies between 56 m and 112 m for the erven fronting onto the lagoon.**

In this case, the **No Development Alternative** has too many unknowns. What is known is that the site will retain its Subdivisional Area zoning and it will be included within the urban edge of Langebaan. The current developer has the right to construct two residential dwellings on the site and to prevent the public from using the private surfaced road as access to the beach. Should the developer sell the land, there may be future development applications which may have little regard for the environment, especially key conservation areas.

The specialist studies therefore show that Alternative 5 is acceptable with full mitigation. It is recommended that Alternative 5 be approved.

Should development be approved on the site, the recommendations listed in the report must be implemented.

## BESTUURSOPSOMMING

### INLEIDING

Oorweging word gegee aan die ontwikkeling van 109 residensiële erwe, paaie, openbare parkering en ablusiegeriewe, oop ruimtes en bewaringsgebiede op die Oorblewende Deel van die Plaas Oostewal Nr. 292, Langebaan, hierna verwys na as 'die eiendom' of 'die perseel'.

Die voorgestelde ontwikkeling is oorspronklik *Myburgh Park Fase 2* genoem en daarna *Baja Sardina*, maar op die versoek van 'n aantal Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GPs) is dit hernoem na *Shark Bay*. Hoewel hierdie name vir doeleindes van maklike verwysing geskep is, bly die perseel wat vir ontwikkeling voorgestel word die *Oorblewende Deel van die Plaas Oostewal Nr 292, Langebaan*.

### OMGEWINGSVEREISTES

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (WNOB) maak voorsiening vir die identifikasie en assessering van bedrywighede wat potensieel tot nadeel van die omgewing kan wees en wat magtiging van die relevante owerhede vereis gebaseer op die bevindinge van omgewingsassessering. WNOB is 'n nasionale wet, afdwingbaar deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOST). Hierdie magte word in die Wes-Kaap aan die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DO&OB) gedelegeer.

Volgens die regulasie van Artikel 24(5) van WNOB – Goewermentskennisgewing Nr R358 gedateer Julie 2006, word magtiging vir die volgende bedrywighede ten opsigte van die voorgestelde Shark Bay ontwikkeling vereis:

#### Goewermentskennisgewing Nr R86 – Basiese Assessering:

*Die konstruksie van fasiliteite of infrastrukture, insluitende verwante strukture of infrastruktuur, vir:*

- 1k - die grootmaatvervoer van rioolvuil en water, met inbegrip van stormwater, in pyplyne met –
  - (i) 'n interne deursnee van 0,36 meter of meer; of
  - (ii) 'n spitsstoevoer van 120 liter per sekonde of meer;
- 2. Bou- of grondverplasingbedrywighede in die see of binne 100 meter van die hoogwatermerk van die see land inwaarts, betreffende – geboue; of (g) infrastruktuur.
- 3. Die voorkoming van die vrye beweging van sand, met inbegrip van erosie en aanslibbing, by wyse van die plant van gewasse, die plasing van sintetiese materiaal op duine en blootgestelde sandoppervlakke binne 'n afstand van 100 meter vanaf die hoogwatermerk van die see land inwaarts.
- 5. Die verwydering of beskadiging van inheemse plantegroei van meer as 10 vierkante meter binne 'n afstand van 100 meter vanaf die hoogwatermerk van die see land inwaarts.
- 6. Die uitgraving, verskuiwing, verwydering, afsetting of saampersing van grond, sand, rots of ru-klip wat 'n gebied wat groter is as 10 vierkante meter die see in dek, of wat binne 'n afstand van 100 meter vanaf die hoogwatermerk van die see land inwaarts is.
- 15. Die bou van 'n pad wat breër is as vier meter of wat 'n reserwe het wat breër is as ses meter, uitsluitende paaie wat binne die strekking val van 'n ander gelyste bedrywigheid, of wat toegangspaaie van minder as 30 meter in lengte is.

- 16. Die omvorming van onontwikkelde, vakante of verlate grond om (b) residensiële, gemengde, kleinhandel-, kommersiële, nywerheids- of institusionele gebruik waar sodanige ontwikkeling nie gapingvernouing is nie, en waar die totale gebied wat omvorm word, groter as een hektaar is.
- 18. Die onderverdeling van gedeeltes van grond wat nege hektaar of groter is, in gedeeltes van vyf hektaar of minder.

Goewermentskennisgewing Nr. 387 – Konsep en OIV:

- 2. Elke ontwikkelingsbedrywigheid, met inbegrip van verwante strukture en -infrastruktuur, waar die totale gebied van die ontwikkelde gebied 20 hektaar of meer is, of so beplan word.

## EIENDOMSBEKRYWING

Oorablewende Deel van die Plaas Oostewal Nr 292, Langeaan is in Langebaan langs aan Park Rylaan geleë. Twee hoofpaaie kruis die perseel, die bestaande Oostewalweg en Park Rylaan, met 'n aantal kleiner grondpaaie wat ook teenwoordig is. Die eiendom is aangrensend tot die Langebaan Strandmeer (geoormerk as 'n Ramsar-perseel), landbougrond, residensiële ontwikkeling (Myburgh Park Fases 1 en 3) en is op die pad na die Weskus Nasionale Park (WNP). Daar is 5 eiendomme wat die voorgestelde perseel van die WNP skei. Die eiendom is ± 82 ha in omvang en is as Subdivisionele Gebied gesoneer.

Die strand by Shark Bay sal vir die publiek toeganklik bly en sal steeds vir ontspanningsdoeleindes gebruik kan word. Mense wat die strand gebruik sal vanaf Park Rylaan toegang tot die gebied, openbare parkering en ablusie wat op die perseel verskaf sal word, verkry.

## BIOFISIIESE KARAKTEREIEKAPPE

Ou landbougrond dek ongeveer 50% van die perseel, met onversteurde plantegroei op die res. Geen permanente vleilande is op die perseel gevind nie, maar daar is 'n klein seisoenale dreineringslyn wat van die oostelike deel van Stompneusrots kom, wat dalk oppervlakwater na swaar reëns mag behou.

### Geologie en Geohidrologie

Die perseel word deur 'n goot granietrif, die Stompneusrots, geleë in die weste, gedomineer. Na die suide en ooste van die rotsrif word die graniet bedek met ongekonsolideerde sand en kalkreethorisonne. Die sand is die dikste aan die noorde en die ooste van die Stompneusrots maar verminder in diepte in 'n suidelike rigting na die strandmeer waar die kalkreethorisonne blootgelê word. Die graniet rotsbodem op die perseel is waarskynlik waterweerstandig en grondwatervloei is beperk tot 'n opslag watertafel in 'n swakontwikkelde sedimentdekking en as 'n baie stadige vloei langs frakture in die rotsbodem.

### Plantegroei

Die natuurlike plantegroei wat op die voorgestelde eiendom vir ontwikkeling gevind word bestaan uit twee soorte: Saldanha Graniet Strandveld langs die boonste gebiede en Langebaan Duine Strandveld op die laer kusgebiede. Die voorafgaande C.A.P.E (Cape Action for People and the Environment) projek het die gebied as Langebaan Fynbos / Struikgewas Mosaïek karteer, maar hierdie klassifikasie differensieer nie tussen graniet, kalkreë en alkakiese sand nie, en word dus nie as akkuraat genoeg beskou nie.

Die onlangse Fynskaal Bewaringsplan vir Saldanha Skiereiland dui aan dat ongeveer 85% van hierdie perseel 'n Kritiese Biodiverse Gebied (KBG) is, en die aansoeker se voorkeur uitleg-alternatief neem dit in ag, waarvolgens die uitleg deeglik deur die Helme (2005) basislyn sensitiviteitskartografie ingelig is.

### Diere

Vir die soogdiere is die relatiewe belang van die voorgestelde gebied matig op streeksskaal en laag tot matig op nasionale skaal. Hoewel verskeie Rooi Data voëlspecies aan die streek bekend is, word slegs die *Amper Bedreigde Afrika Swartobie (Haematopus moquini)* geag om waarskynlik negatief deur die voorgestelde

ontwikkeling geaffekteer te word. Met betrekking tot die voëls, is die relatiewe belang van die perseel matig op streeksskaal en laag tot matig op nasionale skaal. Geen Rooi Data reptielspesies behoort op die perseel voor te kom nie, hoewel die Suiderlike Adder (*Bitis armata* – voorlopige status = *Weerloos*) moontlik mag voorkom. Vir reptiele is die relatiewe belang van hierdie perseel matig op streeksskaal en laag tot matig op nasionale skaal. Geen amfibiese spesies is aan die Langebaan/Saldanha/WNP streek bekend nie. Vir die amfibiese fauna is die relatiewe belang van hierdie perseel laag op streeks- en nasionale skaal.

#### Langebaan Strandmeer

Die Langebaan Strandmeer vorm die perseel se westelike grens. Die Strandmeer is deel van die Weskus Nasionale Park en 'n benoemde Mariene Beskermd gebied, volgens die Wet op Mariene Lewende Bronne, 1998, (Wet 18 van 1998) en is as Ramsar vleiland benoem, omdat dit so belangrik is vir soveel watervoëls. Die strandmeer en meeste van die omliggende grond word deur die Weskus Nasionale Park volgens 'n konsep bestuursplan geadministreer. Dit word in drie verskillende gebruiksones verdeel, naamlik wildernes,, beperkte ontspanning- en veeldoelige onspanningsgebiede. Toegang tot die Wildernessone (wat belangrike huisvesting vir waadvoëls en broeiende seevoëlpopulasies bied) is tot die SANParke beperk en dit net tot op sekere dele. Seilbote en seilplanke word in die beperkte ontspanningsone toegelaat terwyl die veeldoelige onspanningsone meeste watersport toelaat, b.v. vlieëerbranderplankry, waterski, snorkel, duik, roei, swem, visvang en bootry. Geen uithaal en verwydering van perlemoen en kreef word egter in die strandmeer toegelaat nie. Die voorgestelde perseel grens aan die veeldoelige sone, Sone A.

#### Visuele Karaktereienskappe

Die hoogste punt op die perseel is Stompneusrots, wat tot 93m hoog styg. Die koppie en die rif/platorand waarvan dit deel is, vorm 'n sigwig tussen die perseel en die res van die dorp, spesifiek Myburgh Park, met slegs die huise direk langs die rif wat uitsig na die ooste oor die perseel bied. Van Stompneusrots hel die perseel afwaarts, styl in sekere plekke, tot die kuslyn van Langebaan na die suide en suid-ooste.

### **BEPLANNINGSKONTEKS**

Hoewel die perseel as *Subdivisionele Gebied* vir dorpsontwikkeling gesoneer is en in beginsel toegeken is vir een of ander vorm van ontwikkeling, moet daar van die onderstaande beleids-aanwysers kennis geneem word:

- Wes-Kaap Ruimtelike Ontwikkelingsriglyn
- Groeipotensiaal van Dorpe in die Wes-Kaap 20040
- Konsep Kussone Beleid vir die Wes-Kaap, 2000
- Weskusgebied: Velddrif – Bokpunt Struktuurplan, 1988
- Vredenburg – Saldanha en Omgewing Dorpstruktuurplan, 1992
- Weskus Substreek Struktuurplan, 1995
- Kaapse Weskus Biosfeer Beskermingsgebied, 1999
- Dokument van Geïntegreerde Beplanning: Weskustreek, 2002
- Konsep Weskus Distrik Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsriglyn, 2006 - 2007
- Langebaan en Omgewing Struktuurplan, 1999
- Weskus Nasionale Park & Langebaan Strandmeer Gebruiksones
- Konsep Saldanhabaai Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsriglyn, 2002

'n Sinopsis van die beleidsaanwysers dui aan dat die oorkoepelende filosofie van die perseel as "beskerming met ontwikkeling" beskryf kan word.

### **VOORGESTELDE ONTWIKKELINGSALTERNATIEWE**

**Die volgende alternatiewe konsepte is gedurende die Bestekfase van hierdie OIA proses oorweeg:**

Alternatief 1 (2 Julie 2005)

Hierdie ontwikkelingsalternatief is opgestel met die inagneming van die aanvanklike beperkings (d.i. botaniese sensitiewe gebiede, ontwikkeling terugsettingslyn) wat gedurende besprekings met die projekspan geïdentifiseer is, dus was die oorspronklike voorstel deur Planning Partners aangepas om die volgende komponente te bevat:

- 'n Restaurant
- 114 enkel residensiële erwe
- 24 groepsbehuisingsseenhede
- Parkering en ablusiegeriewe
- Oop ruimtes/bewaringsgebiede

Die bestaande hoofpad met sy S-vorm wat oos-wes deur die perseel loop, word behou, met interne toegangsroetes wat daarmee verbind. Die hoof oos-wes interne toegangsroete volg die lyn van die bestaande hoof grondpad. Die ontwikkelingskomponente word in 5 enkel residensiële ontwikkelingstrosse gegroepeer, 'n groepsbehuisingsperseel en 'n restaurant, parkering en ablusiegeriewe.

Hierdie alternatiewe konsep het gefaal op grond van visuele oorwegings, asook die behoefte aan breër ekologiese korridors.

Alternatief 3 (September 2006)

Verdere insette van die projekspan aangaande kwessies met betrekking tot botaniese, fauna en visuele oorwegings is in ag geneem met die hersiening van die ontwikkelingsvoorstel, wat tot gevolg gehad het Alternatief 3 – bestaande uit die volgende aanpassings:

- Die groepsbehuisingsperseel is deur 'n lodge/hotelfasiliteit vervang (d.i. 40 slaapkamers en verwante gebruike)
- Die hoeveelheid residensiële eenhede/erwe is verminder vanaf 114 tot 100
- 25 vakansie behuisingsseenhede/erwe is verskaf in plek van die enkel residensiële erwe
- Meer oop ruimtes is verskaf binne residensiële groeperings asook tussen residensiële eenhede
- Die breedte van die ekologiese korridors is met meer as 50 m verbreed
- Groter voorsiening is gemaak vir natuurlike dreinerings
- 'n Fasiliteit vir 'n SANPark hekkantoor is verskaf

Na aanleiding van die Ope Huis Vergadering wat in September 2006 gehou is, is verskeie vrae geopper aangaande die regsgeeskiedenis van die perseel. Die voorsteller het toe regsadvies van Johan du Plessis Prokureurs aangevra om die huidige regstatus van die eiendom te bevestig asook die toepaslikheid van die "ECA" en die nuwe WNOB regulasies. Gebaseer op bevestiging verkry vanaf die Departement het die voorsteller besluit om die uitleg aan te pas, in lyn met vorige magtiging wat vir hierdie eiendom gegee is en wat dus geen OIA benodig het nie.

Alternatief 4 (Maart 2007)

Na verder openbare en magtigingsondersoek, asook met die opklaar van die regsgeeskiedenis van die eiendom, is Alternatief 3 soos volg aangepas:

- Die lodge/hotelfasiliteit (40 slaapkamers en verwante gebruike) is deur 10 enkel residensiële erwe vervang
- Die 25 vakansiehuiserwe is deur 25 enkel residensiële erwe vervang
- Die restaurantperseel is deur 3 residensiële erwe vervang
- Die SANPark hekkantoorfasiliteit is uitgelaat

Die vervanging van die lodge/hotel en restaurant sal verminderde impakte op die Langebaan Strandmeer, sowel as verkeer tot gevolg hê. Hierdie impakte sal egter deur die OIA fase van die proses geassesseer word.

## **Alternatief 1, Alternatief 5 en Geen Ontwikkeling Alternatief word in hierdie verslag geassesseer.**

### Alternatief 1 (Oktober 2001)

Hierdie ontwikkelingsvoorstel is deur die vorige grondeienaar opgestel. Die hoofkomponente van die voorstel bestaan uit die volgende:

- 109 enkel residensiële erwe
- S-vormige oos-wes pad deur die perseel
- Parkeringsfasiliteite
- Natuurlike Oop Ruimtes

Die sensitiviteitsontleding wat namens die nuwe grondeienaar onderneem is, het aan die lig gebring dat hierdie uitleg baie hoog inbreuk maak op hoë bewaringswaardige gebiede en dat 'n aantal van die residensiële erwe onder die ontwikkeling terugsettingslyn is (d.i. te naby geleë aan die rant van die strandmeer).

### Alternatief 5 (Augustus 2007) – die ontwikkelaar se voorkeur alternatief.

'n Lae-digtheid, hoë inkomste ontwikkeling is van pas om die natuurlike bates te bewaar en om genoeg fondse vir rehabilitasie en beskerming te genereer. Dit sal die maatskaplike, omgewings- en ekonomiese lewensvatbaarheid van die ontwikkeling verseker asook die suksesvolle langtermyn bestuur en rehabilitasie van die eiendom.

Die konsep wat vir die eiendom voorgestel is, poog om die optimal oorvleueling van drie globale bindende mandate te bereik: die bevrediging van die behoeftes van die gemeenskap, omgewing en ekonomiese mark. Alternatief 5 is die resultaat van 'n herhalende proses wat gedurende die Bestekfase gevolg is en poog om al die spesialiskwessies in ag te neem.

Gebaseer op die kommentaar ontvang van die B&GPe, DO&OB, het die projek-argitekte en visuele impakkonsultante die volgende aanpassings aan Alternatief 4 gemaak:

- 'n Residensiële tros na die noorde van die S-vormige teerpad is uitgelaat. Die ekologiese korridor tussen die twee oorblywende trosse is verbreed na 216m by die nouste punt.
- Residensiële erwe wat 'verloor' is met die uitlating van die bogenoemde tros, is by die ander residensiële trosse gevoeg.
- Die totale aantal residensiële erwe is van 113 na 109 verminder.

### Geen Ontwikkelingsalternatief

Die geen ontwikkelingsopsie sal tot gevolg hê dat die status quo van die perseel huidiglik behou word. Indien geen ontwikkeling op hierdie perseel plaasvind nie, moet daar van die volgende kennis geneem word:

- Die grond sal sonering as Subdivisionele Gebied behou, met die waarskynlikheid van toekomstige ontwikkelingsaansoeke wat voorgelê sal word.
- Op korttermyn sal die eienaar toegelaat word om twee wonings te bou.
- Daar mag wel voortgehoue aftakeling van die omgewing wees, soos wat tans gebeur as gevolg van die onbeheerde gebruik van die eiendom.
- Daar sal geen maatskaplik-ekonomiese voordele geskep word nie (b.v. skepping van 'n uitgepreide deel as openbare grond ( $\pm 70$  ha); openbare toegang tot die strandmeer vanaf die pad en voetpaaie; openbare parkering en ablusiefasiliteite; openbare voetpaaie, werksgeleentheid, residensiële geleentheid, infrastruktuur ontwikkeling, afwenteling vanaf ander sektore, en inkomste aan die plaaslike, distrik- en sentrale owerhede.)

## **DIENSTE**

### Elektriese dienste

Die Saldanha Munisipaliteit is die Elektriese diensverskaffer van die gebied wat deur die ontwikkeling geaffekteer word. Alle dienste om elektrisiteit aan die nuwe erwe te verskaf sal volgens die Munisipale Standaard geskied en sal bestaan uit ondergrondse kables en straatmeublement volgens die Munisipale Standaard om aan te pas by die aangrensende Residensiële Standaard.

### Water

Die bestaande netwerk of nuwe netwerk, indien vereis, sal met 'n bestaande 100 mm water hooftoevoerpyp gekoppel word wat deel vorm van die Myburgh Heights Reservoir sub-distrik. Geen opgradering van die bestaande reservoir kapasiteit word voorgestel nie as gevolg van die beskikbare spaar kapasiteit van die Country Club Middel reservoir en die Myburgh Park pompstasie. Die bestaande 200/150 mm deursnit toevoerpyp vanaf die Myburgh Park reservoir is egter reeds onvoldoende, en het tot gevolg lae werkingsdruk. Die voorgestelde nuwe ontwikkeling sal die situasie versleg en die bestaande toevoerpyp moet dus opgegradeer word deur 'n addisionele toevoerpyp langs die bestaande lyn te verskaf.

### Riool

Die interne rioolnetwerk sal 160mm deursnit uPVC klas 34 pype bevat en sal volgens die topografiese lae punt van die perseel dreineer. 'n Pompstasie sal vereis word om die riool na die bestaande rioolnetwerk in Oostewalweg te pomp. Die bestaande netwerk en behandelingsaanleg beskik oor genoegsame kapasiteit om die verwagte spitstoevoer van 4,4 l/s vanaf die voorgestelde ontwikkeling te hanteer. Die pompstasie sal 'n ondergrondse 1,8m deursnit mangat hê met twee ondergrondse pompe (een bystandpomp). Die enigste bogrondse struktuur sal die elektriese skakelbord wees en die heining rondom die pompstasie.

### Afloopwater

Afloopwater sal nie in die strandmeer gestort word nie. Afloopwater sal na opslag/filtreerdamme gelei word. Die voorgestelde ontwikkeling sal in ses ontwikkelingsnodules verdeel word en die afvloei van elkeen van hierdie nodules sal op 'n individuele basis hanteer word. Alle afvloeiwater sal in opslag/infiltreringsdamme, via pype of paaie gelei word, waar die water versprei sal word deur middel van infiltrasie. Alle pype sal ondergronds wees. Die grootte van die damme sal deur die infiltrasietempo bepaal word.

### Paaie

Paaie tot die perseel sal vanaf die bestaande Park Rylaan wat deur die perseel loop, kom. Alle interne padoppervlakke sal sypaadjies aan beide kante van die paaie hê. Alternatiewe oppervlakke soos baksteenplaveisel, sal oorweeg word indien nodig.

### Vaste Afval

Saldanha Munisipaliteit het aangetoon dat hulle oor genoegsame kapasiteit beskik om die bykomende vaste afval te hanteer wat deur die voorgestelde ontwikkeling gegenereer sal word.

## **TAKE OM GEDURENDE DIE OIA FASE TE ONDERNEEM**

Volledige afskrifte van die OIV sal in die Langebaan Biblioteek en by die Saldanha Munisipale kantore geplaas word. Belangstellende en Geaffekteerde Partye sal van die Omgewingsimpakverslag (OIV) in kennis gestel word deur middel van advertensies in Die Weslander, Die Burger en die Cape Times. Benewens die advertensies, sal B&GPe op ons databasis via geregistreerde pos en e-pos in kennis gestel word en die bestuursopsomming van die OIV sal versprei word. Hierdie OIV sal vir 'n 30-dag periode beskikbaar gestel word. Die Konsep OIV sal ook beskikbaar gemaak word op die maatskappy se webtuiste: [www.dougjeff.co.za](http://www.dougjeff.co.za). B&GPe sal genooi word om 'n Ope Huis Vergadering wat in Langebaan gehou sal word, by te woon. Aan die einde van die kommentaarperiode sal die verslag hersien word in reaksie op die terugvoering van vanaf die B&GPe verkry is. Alle kommentaar ontvang en reaksies op die kommentaar sal by die Finale Omgewingsimpakverslag (Finale OIV) ingesluit word. Die Finale OIV sal vir 'n 30-dae kommentaar periode beskikbaar gemaak word, waarna dit aan die DO&OB vir besluitneming voorgelê sal word.



## BOTANIESE ASSESSERING

Alternatief 1 maak inbreuk op die hoë botaniese sensitiewe gebiede wat versag kan word deur die herontwerp van die uitleg. Alternatief 5 is die resultaat van 'n herhalende proses en die negatiewe impakte is meestal in die minder sensitiewe areas van die perseel en word breedweg as aanvaarbaar op 'n streekskaal gesien. Verpligte versagtingsmaatreëls behoort suksesvol te wees in die minimalisering van potensiële impakte, wat teen aanvaarbare vlakke behoort te wees (maar nie noodwendig teen optimale vlakke nie). Alternatief 5 is vanaf 'n botaniese perspektief dus die voorkeur ontwikkelingsopsie.

Die direkte (en sommige van die indirekte) negatiewe impakte kan verder verminder word deur die afskaling in die gebied van die totale ontwikkelingsvoetspoor, maar dis die geval vir die meeste ontwikkelingsaansoeke, en spesialiste se Bepalings van Verwysing (soos vereis deur CapeNature en die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika) is om die oorkoepelende beduidenheid van die kwessies te assesser teen verskeie skale, en om beide die positiewe en negatiewe impakte te identifiseer.

Alternatief 5 word beskou om as genoegsaam reagerend tot die botaniese beperkings van die perseel te wees en daar is beduidende positiewe impakte wat met hierdie aansoek geassosieer kan word indien alle versagtingsmaatreëls suksesvol uitgevoer kan word (soos die formele bewaring van tot 80% van die perseel, insluitende alle sleutel botaniese areas). Alternatief 5 sal waarskynlik 'n Lae tot Medium negatiewe botaniese impak op plaaslike skaal (Langebaan) hê, en 'n Lae tot Medium negatiewe impak op 'n streekskaal (St Helenabaai- Langebaangebied), na versagting. Om die getal eenhede met tot 30% te verminder sal na alle waarskynlikheid nie die oorkoepelende botaniese impakte beduidend verander nie.

Die ontwikkeling soos voorgestel is nie ideal gesien vanaf 'n botaniese perspektief nie, omdat die ideale scenario formele, permanente bewaring van die hele perseel sal behels, maar dit is ongelukkig nie 'n alternatief nie. Ongelukkig in hierdie geval bring die Geen Ontwikkelingsalternatief 'n aantal baie belangrike onsekerhede mee, veral ten opsigte van die potensiële impakte op die plantegroei (moontlik vee wat daar kan wei, miskien toekomstige ontwikkelingsaansoek en die daaropvolgende gebrek om sleutelareas vir bewaring te verseker, ens.) Dit is moontlik dat die impakte kan wissel van Laag tot Medium negatief, en is dus nie noodwendig die voorkeur alternatief nie.

Indien Alternatief 5 goedgekeur sou word, moet alle versagtings- en bestuursmaatreëls soos hierbo genoem, as verpligtend beskou word en moet dit as voorvereistes vir die goedkeuring van Omgewingsmagtiging ingesluit word.

## FAUNA ASSESSERING

Die belang van die diere op die perseel is matig op streek- en laag tot matig op nasionale skaal vir soogdiere, voëls en reptiele. Vir paddas is die belang van hierdie perseel laag op streek- en nasionale skaal. Die perseel is dus nie besonder belangrik vanaf 'n diere oogmerk nie en dit voldoen nie aan die kriteria van 'n geen-ontwikkelingsone nie. As sulks is dit nie onvanpas om die verskeie voorgestelde ontwikkelingsalternatiewe te oorweeg nie, met die inagneming dat versagtingsmaatreëls tog toepaslik is om die impak op die natuurlike omgewing te verminder. Met ander woorde, daar is beweegruimte om die voorgestelde ontwikkeling te akkommodeer en steeds 'n genoegsame vlak van ekostelsel funksionering te handhaaf.

Die versagtingsmaatreëls soos deur die botaniese en diereverslae voorgestel, is die sleutel tot die integrasie van die natuurlike omgewing en die voorgestelde ontwikkeling en moet dus ten volle ingeskakel word om 'n residensiële gebied daar te stel wat aanvaarbaar is ten opsigte van die instandhouding van die ekologiese integriteit van die perseel. Alternatief 5 is die voorkeur ontwikkelingsopsie omdat dit aan al die fauna vereistes voldoen en meeste van dié van die botaniese voorstelle. Die geen ontwikkelingsalternatief is ook wenslik, en mag dalk voorkeur bo Alternatief 5 geniet, afhangende van die skaal van enige toekomstige aktiwiteite wat vir die perseel en die bestuur van openbare aktiwiteite by die strandmeersone voorgestel word.

Die algehele skaal van hierdie ontwikkelingsalternatief word as geskik gesien in die bestaande naasliggende grondgebruik scenarios, d.i. dit verteenwoordig 'n toepaslike oorgang tussen die dig-ontwikkelde Langebaan residensiële sone en die natuurlike aard van die sone van die WNP. Trouens, met die ontwikkelingsvoetspoor wat slegs 15% van die perseel beslaan, is hierdie spesifieke ontwikkelingsalternatief heelwat meer gunstig ten opsigte van omgewingsoorwegings as wat onder normale omstandighede vereis word. 'n Verdere vermindering van huiseenhede sal natuurlik die ontwikkelingvoetspoor nog kleiner maak, maar sal nie die algehele negatiewe impak wat tans as laag tot medium geprojekteer word, verminder nie. Die negatiewe impak van die geen ontwikkelingsalternatief sal waarskynlik ook laag tot medium wees, al is die ontwikkelingsvoetspoor heelwat minder as dié van Alternatief 5.

### **VISUELE IMPAKASSESSERING**

Alternatief 1 het gebreke deurdat die visuele impak van die kuslyn as onaanvaarbaar beskou word en ook omdat dit inbreuk maak op die bewaringswaardige fynbosgebiede wat die visuele aarde van die perseel sal affekteer.

Die perseel is visueel baie sensitief en die verkeerde vorm van ontwikkeling daarop kan hoogs negatiewe visuele gevolge vir die omliggende gebiede hê. Aangesien die prinsiep van ontwikkeling op die perseel reeds gevestig is en omdat dit binne die dorpsgebied van Langebaan geleë is, word daar geglo dat die Alternatief 5 uitleg saam met die voorgestelde argitektoniese behandeling beperkte ontwikkeling sal toelaat wat met die omgewing sal saamsmelt en terselfdertyd die natuurlike eienskappe van die perseel sal bewaar en beskerm. Dit kan ook gedoen word met die minimum visuele inbreuk op die Weskus Nasionale Park, met die landgoed wat 'n oorgangsvorm tussen Myburgh Park en sy redelik digte uitleg en groot strukture na die weste en die oop ruimtes en nasionale park na die ooste en suide.

Die feit dat 85% van die fynbos op die perseel bewaar sal word en vir die algemene publiek deur sonering toeganklik gemaak sal word as openbare oop ruimte, word ten opsigte van die visuele impak in positiewe lig gesien.

Die algehele beduidenheid van die visuele impak van die Alternatief 5 ontwikkeling, sal met die implementasie van ontwerpriglyne en versagtingsmaatreëls medium-laag negatief op die langtermyn wees. Vermindering van die aantal erwe sal nie die beduidenheid van die visuele impak verminder nie hoewel die digtheid van die visuele impak effens laer mag wees. Daar word geglo dat, ten opsigte van visuele kwessies, Alternatief 5 'n realistiese mate van ontwikkeling toelaat terwyl visuele eienskappe terselfdertyd so ver moontlik bewaar word. Daar word dus aanbeveel dat die implementasie van Alternatief 5 toegelaat word om voort te gaan maar dat gereelde omgewingsoudits op die perseel gedoen word om te verseker dat die ontwikkeling binne die visuele beperkings val soos uiteengesit deur die VIA.

### **ERFENIS IMPAKASSESSERING**

Die geen ontwikkelingsopsie vir die perseel is onrealisties, gegewe dat die perseel reeds ontwikkelingsregte het. Trouens, die werklikheid is dat toekomstige voorstelle nie so omgewings- en kontekstueel simpatiek sal wees soos die huidige voorstel nie. Gegewe die aard van die hersiende ontwerpriglyne, is die moontlikheid groot om ontwikkeling op hierdie perseel te begin wat met versagting 'n suksesvolle ruimtelike oorgang tussen die dorpsontwikkeling van Langebaan Suid en die natuurlike/landelike landskappe van die Weskus Nasionale Park sal vestig.

Die Voorkeur Alternatief 5 word as beduidende verbetering op die oorspronklike ontwikkelingsvoorstelle vir hierdie perseel beskou, soos met hofbevel gestop gedurende die implementasie (Alternatief 1.) Trouens, die voorkeur alternatief is 'n verbetering wat onherkenbaar is van oorspronklike gedaante, veral ten opsigte van visuele impak en impakte op die perseel se biofisiese erfenis.

Alternatief 5 presteer goed wanneer gemeet word teen die EIA Ontwerpriglyne. By vergelyking presteer Alternatief 1 (die oorspronklike voorstel) sleg wanneer dit teen hierdie ontwerpriglyne gemeet word. Alternatief 5 het die potensiaal om 'n presedent te stel vir die gebied ten opsigte van sensitiewe reaksie op die landskap, indien dit streng binne hierdie riglyne geïmplementeer word. Soos wat ontwikkeling en landskap verouder, sal die visuele impak gedurende die dag laag wees. Dit word duidelik deur die 3D montages bewys, waar die voorgestelde eenhede met pyltjies aangewys moes word omdat dit nie duidelik sigbaar is nie. Impakte gedurende die aand word as medium bereken, hoewel die beduidenis daarvan heelwat minder is as die lig-oorspoeling van die naburige Myburgh Park 1 & 3 waar dit bo-oor die rif van Stompneusrots skyn.

Daar moet genoem word dat die tipe en skaal van die voorgestelde ontwikkeling van Alternatief 5 vanaf 'n erfenis perspektief as geskik gesien word in die konteks van die perseel. Vermindering in digtheid sal nie die erfenisimpakte verlaag nie, solank die hersiende Argitek- en Landskapriglyne streng toegepas en gevolg word.

Ontwikkeling in die gebied beloof om broodnodige beheer oor die plant-, fauna en argeologiese bronne op die perseel daar te stel terwyl dit terselfdertyd formele openbare ablusie en parkeerfasiliteite sal verskaf asook geformaliseerde voetpaaie en wandelpaai wat sensitiewe areas sal beskerm.

### **ARGEOLOGIESE ASSESSERING**

Solank die Stompneusrots bewaringsarea in stand gehou word, sal die impakte van die argeologiese erfenis na alle waarskynlikheid laag bly.

### **MAATSKAPLIKE IMPAKASSESSERING**

Die feite is dat die perseel privaat besit word, dat dit "subdivisionele" soneringsregte het en dat die Saldanha Munisipaliteit ook aangedui het dat die perseel by die hersiende dorpsgrens ingesluit sal word.

Binne hierdie konteks is die bevindings van die OIA dat die voorgestelde ontwikkeling (Alternatief 5) nie 'n impak op die openbare toegang na die grootste deel van die perseel en Langebaan Strandmeer sal hê nie. Openbare toegang tot Langebaan Strandmeer sal verbeter word met die voorsiening van 'n parkeerarea en ablusiefasiliteite. Terwyl die ontwikkeling van 109 residensiële eenhede op die huidige, onontwikkelende gevoel van die plek 'n impak sal hê, toon die Visuele en Erfenis Assessering dat die potensiële impakte effektief aangespreek kan word. Binne die konteks van die perseel se subdivisionele sonering word Alternatief 5 dus as 'n aanvaarbare en gepaste ontwikkelingsopsie vir die perseel beskou.

Met betrekking tot die geen ontwikkelingsalternatief, sal die eiendom in sy huidige onontwikkelde staat bly. Omdat die perseel subdivisionele regte het en dit in die dorpsgrens ingesluit sal word, indien die huidige ontwikkeling nie goedgekeur sou word nie, sal een of ander ontwikkeling wel in die toekoms voorgestel word. Hierdie vorm van ontwikkeling mag of mag nie so omgewings sensitief wees nie en mag of mag nie openbare toegang tot die perseel en Langebaan Strandmeer toelaat nie.

Indien 'n laer-digtheid alternatief geassesser word, is die sleutelkwessie wat so 'n assessering sal beïnvloed waar op die perseel die eenhede verwyder sal word. Indien eenhede van die deel langs die strandmeer verwyder word, sal dit die visuele impak en gevoel-van-plek impak wat met die voorkeur alternatief, Alternatief 5 geassosieer word, verminder. Byvoorbeeld, indien die aantal eenhede met 33 verminder word (30% vermindering, byvoorbeeld) sal dit tot gevolg hê dat al 19 eenhede in die noord-westelike tros wat reg langs die strandmeer geleë is, verwyder kan word. Die visuele en gevoel-van-plek impakte wat met hierdie tros verwant is, sal dus nie meer bestaan nie. Die potensiële visuele impak van hierdie tros op die aangrensende grondeienaars in Langebaan sal ook verwyder word. Daarmee saam, sal 14 eenhede wat langs die strandmeer naby Shark Bay geleë is, ook verwyder kan word. Dit sal ook die visuele gevoel-van-plek impakte op die Langebaan Strandmeer en Shark Bay wat met die voorgestelde ontwikkeling verwant is, verminder.

'n 30% vermindering in die getal eenhede, spesifiek die eenhede wat langs die Langebaan Strandmeer geleë is, sal die algehele visuele en gevoel-van-plek impakte wat met die voorgestelde ontwikkeling (Alternatief 5) verwant is, verminder. 'n 30% vermindering van die getal eenhede verteenwoordig dus 'n positiewe versagtende maatreël. Daarsulks is die verminderde digtheidopsie die voorkeur opsie. Die bevindings van die verskeie spesialisstudies, insluitende die Visuele en Erfenis Assessering, toon egter aan dat die impakte wat met Alternatief 5 verwant is, aanvaarbaar is en effektief versag kan word.

### **GRONDWATER STUDIE**

Daar is vasgestel dat die voorgestelde ontwikkeling geen risiko vir die grondwater of potensiële reseptors is nie.

### **ONTWIKKELING TERUGESettingsLYN**

Indien die voorgestelde ontwikkeling terugsettingslyn (50 m) geïmplementeer word, sal die voorgestelde ontwikkelig 'n voldoende afstand weg van die huidige strand wees om goeie kusbestuursbeleide na te kom.

### **VERKEER IMPAKASSESERING**

Genoegsame sigafstande en ruimte vir nood en brandbestrydingsvoertuie moet op die perseel verskaf word. Geen padverbeterings word vereis nie.

### **OPSOMMING**

Gedetailleerde spesialisassesserings is as deel van hierdie Omgewingsimpakassessering onderneem. Gedurende die aanvanklike stadiums van die proses is basislyn studies onderneem in reaksie op die aanvanklike alternatiewe wat voorgestel is. 'n Herhalende proses het toe plaasgevind om by 'n ontwikkelingsvoorstel/alternatief uit te kom wat die minste impak op die omliggende omgewing het. Alternatief 5 word as hierdie alternatief beskou en is ook die ontwikkelaar se voorkeur alternatief

Alternatief 1 maak inbreuk op hoë en baie hoë bewaringswaardige botaniese gebiede, voldoende ekologiese korridors word nie verskaf nie, 'n aantal residensiële erwe is onder die ontwikkeling terugsettingslyn geleë en word gesien as onaanvaarbaar vanaf 'n visuele en erfenis oogpunt.

**Dit is duidelik vanuit die spesialisassesserings dat die tipe en skaal van die voorgestelde ontwikkelingsalternatief (Alternatief 5) binne aanvaarbare beperkings val, gesien binne die konteks van die perseel. Deur die getal eenhede te verminder, sal nie 'n laer beduidenheidsgraad in geïdentifiseerde impakte tot gevolg hê nie. Die tipe ontwikkeling, nl. Laedigheid residensiël, word as geskik vir die ligging van die perseel beskou. Alternatief 5 verteenwoordig 'n toepaslike oorgangsonne tussen die intensiewe ontwikkelde Langebaan residensiële sone en dié van die natuurlike sone van die Weskus Nasionale Park. Die voorgestelde ontwikkeling sal ook ten minste 50 m vanaf die hoogwatermerk van die strandmeer teruggesit word. Dit wissel tussen 56 m en 112 m vir die erwe wat vooraan teen die strandmeer lê.**

In hierdie geval behou die **Geen Ontwikkelingsalternatief** te veel onsekerhede. Wat wel bekend is, is dat die perseel sy Subdivisionele Gebiedsonering sal behou en dat dit by die dorpsgrens van Langebaan ingesluit sal word. Die huidige ontwikkelaar het die reg om twee residensiële wonings op die perseel te bou en die publiek daarvan te verhoed om die private paaie wat toegang tot die strand bied, te gebruik. Indien die ontwikkelaar die grond sou verkoop, mag daar toekomstige ontwikkelingsaansoeke wees wat minder agting vir die omgewing toon – veral die sleutel bewaringsgebiede.

Die spesialisstudies toon dus dat Alternatief 5, met volle versagtingmaatreëls, aanvaarbaar is. Daar word aanbeveel dat Alternatief 5 goedgekeur word.

Indien die ontwikkeling op die perseel goedgekeur sou word, moet die aanbevelings soos in die verslag gelys word, geïmplementeer word.